# Gauteng SA Boerperd Klub
## Voorsitter Verslag 2015-2016

**Jan Joubert**

Hiermee lewer ek verslag van die aktiwiteite van die Gauteng SA Boerperd Klub gedurende die tydperk Oktober 2015 tot en met September 2016.

**HORSE OF THE YEAR – Kyalami Equestrian Park**

- Die skou het plaasgevind gedurende Februarie 2016.
- Dit is een van die min geleenthede wat oor is waartydens die SA Boerperd kampioen kan kompeteer met die kampioene van ander rasse en ons werklik ons standaarde teen hulle kan meet.
- Baie dankie aan Heleen Pope vir al haar reëlings gedurende die skou. Dit is duidelik dat sy jare se ondervinding het met die reël van hierdie en ander skoue.
- Vir die eerste keer, is daar deur die bestuur van HOY 'n buitelandse beoordelaar vanaf Nederland, Rhode van Praat, aan ons geallokeer. Sy is bygestaan is deur Riana Pretorius (baanbeampte), waar beide hulle goed van hulle taak gekwyt het.
- Die hoogtepunte vir die Boerperde was soos volg:

***Carel Hancke Roebyn***
CHAMPION SA BOERPERD STALLION 4TH IN SUPREME CHAMPION BREED HORSE
Owner: Kylin Stud; Exhibitor: Ruben Fanqua

***Devondale Elegant***
CHAMPION SA BOERPERD MARE TOP 10 IN SUPREME CHAMPION BREED HORSE
Owner & Exhibitor: Shelley de Beer

***Calela Landman***
CHAMPION SA BOERPERD GELDING TOP 10 IN SUPREME CHAMPION GELDING
Owner: Edel Stud; Exhibitor: Sandra Bosman

***Rooigras Gina***
CHAMPION SA BOERPERD WORKING RIDING HORSE
Owner: Rooigras Stud; Rider: Kristen Joubert

***Paardekop Toffie***
CHAMPION SA BOERPERD SHOW RIDING HORSE
Owner: Destalsmit Stud; Rider: Rayno van Reenen

***Rooigras Gina***
WESTERN PLEASURE HORSE
Owner: Rooigras Stud; Rider: Kristen Joubert

***Rooigras Oordentlik***
WORKING HUNTER
Owner: Rooigras Stud; Rider: Michaela Janse van Rensburg

***Rooigras Sierlik***
CHAMPION SINGLE HARNESS HORSE
Owner: Rooigras Stud; Driver: Jan Joubert

**KEURINGSTOER VIR MERRIES/REUNS EN HINGSKEURING**

- Plaasgevind van die 17de tot die 18de Junie 2016, Rooigras Stoet.
- Mnr. Michiel Burger en Me. Elmie Davel het die keuring waargeneem.
- Daar was 8 hingste vir die Hings-keuring waarvan 5 gekeur is. Mnr. Luther Becker het as by hulle aangesluit vir die Hings-keuring.
- Dit was 'n aangename dag met heelwat buitemense wat die keuring meegemaak het.

**KLUBVERGADERING (AJV) MEI 2016**

- Reëlings vir die Gauteng streekskampioenskappe en keuringstoer is gedurende hierdie vergadering bespreek word.
- Die nuwe SAEF struktuur is in diepte bespreek onder leiding van Mnr. Jan Joubert.
- Die jaareinde van die klub is verander om saam met die van die Genootskap te val, dus 30 Junie.
- Die nuwe bestuur verkies is soos volg:
    - ~ Voorsitter en Finansies – Jan Joubert;
    - ~ Onder Voorsitter – Heleen Pope;
    - ~ Sekretaresse – Berta Dorfling;
    - ~ Keurings – Barend Dorfling;
    - ~ Media en Bemarking – Petro Grové;
    - ~ Addisionele lid – Carel Meintjies.

**GAUTENG STREEKSKAMPIOENSKAP TE MISTY MEADOWS**

Na deeglike evaluasie en konsultasie is besluit om die Gauteng Kampioenskappe te skuif na die eerste week in Desember 2016 te Misty Meadows. Die skoue van die Genootskap was almal in 'n geweldige klein periode gestruktureer wat druk op vertoners, sowel as twyfel by organiseerders geplaas het rakende die ondersteuning van die skou. Die implikasie op ouderdom van perde in die klasse, sowel as die dekseisoen is in ag geneem met die besluit.

***Jan Joubert***

VOORSITTER: Gauteng SA Boerperd Klub